
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel betaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae noukeurig deur.

4. Begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming wees met die puntetoekenning by elke vraag.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 ŉ 'Heiden' kan as ... beskryf word.

A die aarde
B enige persoon wat nie ŉ Jood is nie
C die siklus van die lewe
D mense wie voorheen geleef het (1)

1.1.2 Die stigter van Boeddhisme is …

A Siddharta Gautama.
B Baha'u'llah.
C die Dalai Lama.
D Vajrayana. (1)

1.1.3 Die Hadith is …
A ŉ versameling van leringe van die Profeet Mohammed.
B ŉ verpligtende lering in die Koran.
C boeke van mites.
D rekords van die Islamitiese geskiedenis. (1)

1.1.4 Watter EEN van die volgende is ŉ verduideliking van politeïsme?

A ŉ Doktrine wat twee onafhanklike beginsels erken.
B Geloof in of aanbidding van meer as een God.
C Die oortuiging dat God alles is en alles God is.
D Geloof in die bestaan van gode of ŉ god. (1)

1.1.5 Toegewyd beteken …

A die geloof dat God die hele Torah aan die Jode gegee het.
B aanvaar dat die Bybel oor ŉ lang tyd deur mense geskryf is.
C om diep godsdienstige toewyding te toon.
D geloof in een God. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 Moslems hou ʼn maand lank vas gedurende ...

A Mohammed.
B Hajj.
C Zakaat.
D Ramadaan. (1)

1.1.7 Die wetenskap van die interpretasie van godsdienstige tekste word … genoem.

A renaissance
B hermeneutiek
C verpligtende leringe in die Koran
D subjektiwiteit (1)

1.1.8 Die Pali Kanon verwys na die heilige literatuur van …

A Boeddhisme.
B die Baha'i-geloof.
C Judaïsme.
D Christendom. (1)

1.1.9 Die konsep dogma, in ʼn godsdienstige konteks, is ʼn …

A leuen of versinsel.
B lering met absolute outoriteit.
C heilige teks.
D bespreking van geestelike waarhede deur ʼn storie. (1)

1.1.10 Hierdie godsiens sê niks oor ʼn goddelike wese nie.

A Islam
B Christendom
C Judaïsme
D Taoïsme (1)

(10 x 1) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies ŉ item uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.7 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Om nooit enige lewende wese kwaad aan te doen nie | A | Tripitaka |
| 1.2.2 | Toon groot respek of ontsag vir iets of iemand | B | Mahatma Gandhi |
| 1.2.3 | ŉ Versameling heilige skrifte en stories van Boeddhistiese oorsprong | C | Kruistogte |
| 1.2.4 | Streng deur Ortodokse Jode onderhou | D | Ahimsa |
| 1.2.5 | Alle Moslems, ongeag ras, moet mekaar as broers en susters beskou | E | Verering |
| 1.2.6 | Het die stryd vir Indiese onafhanklikheid gelei | F | Halakah |
| | | G | Ummah |

(6 x 1) (6)

1.3 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee ŉ rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.3.1 Moses, Abraham, Hajj, Jesus. (2)

1.3.2 Imam, Pastoor, Ghoeroe, Shiva. (2)

1.3.3 Taoïsme, Kapitalisme, Ateïsme, Marxisme. (2)

1.3.4 UNkulunkulu, Moses, Qamata, Modimo. (2)

1.3.5 Jehova, Allah, Jesus, Induna. (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Die godsdienstige beweging wat deur Martin Luther begin is, staan as die ... bekend. (2)

1.4.2 Volgens Hindoeïsme, word daar na ŉ uitgebreide skema van korrekte gedrag as … verwys. (2)

1.4.3 Die inheemse godsdiens van Japan is ... (2)

1.4.4 Christene glo dat Jesus op die berg ... gekruisig is. (2)

1.4.5 ŉ Godsdienstige oortuiging wat mense sonder enige twyfel moet aanvaar word … genoem. (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf sleg 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK. Gee ŉ rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Die Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens word Hajj genoem. (2)

1.5.2 Voorvaders word vereer in Taoïsme. (2)

1.5.3 Die ideaal in Theravada Boeddhisme is dat die individu ŉ lewe van meditasie sal leef om sodoende gereïnkarneer te word. (2)

1.5.4 Boeddhisme het geen konsep van ŉ Opperwese nie. (2)

1.5.5 "Paternaal" beteken om aan die moeder se kant van die familie verwant te wees. (2)

1.6 Skryf TWEE feite oor ELK van die volgende konsepte:

1.6.1 Goue Reël (2)

1.6.2 Yin en Yang (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie Afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Noem TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.1.1 Judaïsme (4)

2.1.2 Hindoeïsme (4)

2.1.3 Islam (4)

2.2 Verduidelik die konsep *uniekheid* in die konteks van godsdiens. (4)

2.3 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

2.3.1 Die Drie-eenheid in Christendom (4)

2.3.2 Hindoeïsme se siening oor Karma (4)

2.3.3 Die Opperwese in Taoïsme (4)

2.4 Analiseer die belangrikheid van die uniekheid van ʼn godsdiens. (6)

2.5 Bespreek die faktore wat Godsdienstige Identiteit beïnvloed. (4)

2.6 Onderskei tussen die volgende konsepte:

2.6.1 *Gelykenis* en *Allegorie* (4)

2.6.2 *Geloof* en *Lering* (4)

2.7 Lys TWEE ooreenkomste wat tussen die Oosterse godsdienste bestaan. (4)
**[50]**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE JAG OP GELOOF: HOE SOMMIGE PASTORE DESPERAATHEID UITBUIT.**
***THE CITIZEN*, 9 JUL 2024**

ʼn Nuwe groep onbetroubare godsdienstige leiers is besig om na vore te kom in Tanzanië en kapitaliseer op die desperaatheid onder hul volgelinge om skokkende rykdom te versamel. Hierdie hedendaagse ʻprofeteʼ het geloof in ʼn werklike winsgewende besigheid verander.

ʼn Ondersoek deur "*The Citizen*" het geopenbaar dat alhoewel hierdie self-verkondigde ʻprofeteʼ en ʻapostelsʼ die naam van ʻJesus Christusʼ in hul preke noem, die manier hoe hulle miljoene genereer hul motiewe weerspreek.

Hierdie neiging is nie uniek tot Tanzanië nie. Dit kom ook algemeen voor in Nigerië, Suid-Afrika, Kenia, Zimbabwe en Westerse lande. Hierdie informele-pastore-profete-apostels gebruik dieselfde taktiek deur ʻgesalfdeʼ items te verkoop en oneindigende voorspoed en sukses te belowe.

Dit is nie ongewoon dat tot 50,000 mense ʻgenesingsdiensteʼ bywoon nie. Volgelinge word gewoonlik gevra om ʻgesalfde/heiligeʼ water teen Tsh10,000 ʼn bottel, olyfolies teen Tsh20,000, sout teen Tsh10,000 en hulle wie ʼn een-tot-een ontmoeting met die ʻdienskneg van Godʼ wil hê, moet ten minste Tsh100,000 opdok.

Volgens sielkundiges, buit hierdie self-verkondigde ʻprofeteʼ die sielkundige kwesbaarheid en die geloofstelsels van hul volgelinge uit.

[Vertaal en aangepas uit *The Citizen* 9 Jul 2024]

**Woordelys**:
***Tsh*** is die afkorting vir die Tanzaniese geldeenheid wat die Shilling genoem word.

3.1.1 Noem TWEE maniere hoe die opskrif van die artikel die leser se aandag trek. (4)

3.1.2 Haal EEN sin, uit die leesstuk aan, wat wys dat dit ʼn wêreldwye bedrywigheid is. (2)

3.1.3 Volgens die artikel, hoe bring hierdie profete oneer aan die naam van Jesus? (2)

3.1.4 Hierdie artikel verwys na die misbruik van mense se geloofstelsels. Hoe kan mense se geloofsoortuigings misbruik word? (6)

3.1.5 Verduidelik tot watter mate jy dink godsdiens deur die regering gereguleer moet word. (6)

3.1.6 As ʼn jongmens en ʼn Religiestudies-student, stel DRIE maniere voor hoe godsdienstige leiers hulself moet gedra. (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 Verduidelik hoe godsdienstige organisasies hulself teen negatiewe verslaggewing deur die media, kan beskerm. (6)

3.3 Dink jy die Suid-Afrikaanse media bied regverdige dekking oor godsdiens? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (6)

3.4 Ten opsigte van godsdienstige dekking in die media, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:

3.4.1 Stereotipering (4)

3.4.2 Vooroordeel (4)

3.4.3 Sensasionalisme (4)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SOEDAN-KRISIS VERDUIDELIK**

Die onlangse gevegte tussen die SAF (Soedanese Gewapende Magte) en die RFS (Spoedige Ondersteuningsmagte) het plaasgevind terwyl Soedan alreeds hul hoogste vlak van humanitêre hulp in ŉ dekade ondervind het.

Die verwydering van die lang-regerende outoritêre leier Omar al-Bashir in 2019 het aanvanklik groot optimisme vir ŉ terugkeer na ŉ burgerlike bewind in Soedan aangewakker. Maar ŉ militêre staatsgreep twee jaar later het die oorgangsburgerlike regering ontbind, wat politieke en ekonomiese onrus veroorsaak het en inter-gemeenskaplike konflik weer aangewakker het.

Soedan is ook swaar beïnvloed deur erge weersomstandighede wat verband hou met klimaatsverandering, insluitende vloede en droogtes. Hierdie gebeurtenisse het honderdduisende individue regoor die land nadelig beïnvloed, wat tot die vernietiging van gewasse en vee asook die verergering van voedselonsekerheid vir gesinne gelei het.

Sedert die onlangse gevegte op die 15de April begin het, het die humanitêre situasie versleg. In Augustus 2024 het die Hongersnood-hersieningskommittee amptelik hongersnood in die Darfoer-streek van Soedan bevestig. Hierdie hongersnood raak sommige van die mees kwesbare mense in die land, insluitend interne ontworteldes wat in die Zamzam-vlugtelinge kamp woon. Intussen loop miljoene meer die risiko om hongersnood dwarsdeur Soedan in die gesig staar.

Die helfte van Soedan se bevolking – sowat 25 miljoen mense – benodig humanitêre hulp en beskerming. Die land staar uiterste tekorte van voedsel, water, medisyne en brandstof in die gesig, en meer as helfte van die bevolking (25,6 miljoen) staar erge voedselonsekerheid in die gesig, insluitend 8,5 miljoen van hulle op noodvlakke.

[Vertaal en aangepas uit www.unrefugees.org]

4.1.1 Op watter kontinent is Sudan geleë? (2)

4.1.2 Noem TWEE groepe wat deel is van die konflik. (4)

4.1.3 Identifiseer TWEE hoofstroom godsdienste wat na bewering deel van die konflik is. (4)

4.1.4 Wat, volgens die artikel, veroorsaak dat die Soedanese mense sukkel om in hul basiese behoeftes te voorsien? (6)

4.1.5 Verduidelik kortliks wat die hoofoorsake van die konflik is. (10)

4.1.6 Met verwysing na die artikel, dink jy dat godsdiens deel is van die konflik? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (6)


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.1.7 Watter praktiese strategieë kan jy voorstel vir die mense van Soedan om die konflik op te los? (6)

4.2 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek VIER leringe wat vrede bevorder. (8)

4.3 Konflik tussen Moslems en Christene is meer algemeen in Afrika as op enige ander kontinent. Gee TWEE moontlike redes hiervoor. (4)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**145 PRIESTERS ONTVOER EN 11 VERMOOR IN NIGERIË**

In 2025, is verskeie voorbeelde van godsdiens vryheid skendings gedokumenteer. Volgens die Vatikaan Nuus is tussen 2015 en 2025, 145 priesters ontvoer en 11 in Nigerië vermoor. Dit beklemtoon die toename in geweld en dwang ten op sigte van godsdienstige praktyke.

Die Kantoor van die Hoë Kommesaris vir Menseregte (KHKM) het kommer uitgespreek oor nuwe wette in Kirgistan wat die dra van godsdienstige klere, die registrasie van godsdienstige groepe, en die plekke waar godsdienstige aktiwiteite mag plaas vind; wat 'n potensiële impak op die vryheid van godsdienstige uitdrukking en assosiasie het. Hierdie voorbeelde illustreer dat, terwyl vryheid van godsdiens "n fundamentele mensereg is, is daar steeds uitdagings en bedreigings in verskeie dele van die wêreld in 2025.

[AI Oorsig]

5.1 Identifiseer VIER voorbeelde van die skending van godsdienstige vryheid uit die leesstuk. (8)

5.2 Watter maatreëls het die Suid-Afrikaanse regering in plek gestel om godsdiens vryheid te verseker? (10)

5.3 Uit die leesstuk identifiseer enige EEN skending van menseregte. (2)

5.4 Godsdiens Vryheid is 'n basiese mensereg.

5.4.1 Noem enige DRIE Menseregte wat jy bestudeer het. (6)

5.4.2 Bespreek krities EEN verantwoordelikheid van ELK van die Menseregte wat in VRAAG 5.4.1 genoem is. (6)

5.5 Bespreek enige EEN godsdiens se LERINGE wat Menseregte bevorder. (10)

5.6 Noem die werk wat ELK van die volgende godsdiens organisasies doen:

5.6.1 Gift of the Givers (4)

5.6.2 Die Heilsleer (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African